


Dienelkander



Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

30 Augustus 2020

Woordverkondiging op Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos Facebookblad en YouTube kanaal.

09:30 OGGENDEREDIENS IN KERKGEBOU:

Ds. Piet

Tema: Vertrou biddend op God en rol jou moue op in tranewerk, want daarin lê God se belofte van 'n wonderlike vreugde-oes waarna jy mag uitsien!

Soos wat die harde realiteite ons tref na die verwoesting van die pandemie in mense se lewens en ekonomiese insinking, kan ons nie anders as om net op God te vertrou om vir ons uitkoms te bewerk nie!

Maar ons kan nie net op God vertrou nie - ons moet ook inspring, ons moue oprol en die harde werk begin doen! Om hierdie rede is Psalm 126 vir ons 'n wonderlike aansporing en troos!

Toe die Here sy volk laat terugkom uit ballingskap, was dit vir hulle soos 'n droom wat waar geword het! Die feit dat hulle na 70 jaar weer in hulle eie land en in Jerusalem kon wees, was vir hulle 'n ongelooflike gebeurtenis!

Maar die harde realiteit van 'n verwoeste land wat weer opgebou moes word, het hulle gou getref en daarom bid hulle smekend: verander tog weer ons lot. O Here! En dan kom God se antwoord: rol julle moue op en doen die harde werk! Wie met trane saai, sal met vreugde oes!

Daar is egter ook 'n verrassende en troosvolle boodskap in die Psalm! God saai ook met trane

sodat ons nou alreeds iets van die vreugde-oes kan belewe! Ja, die sekerheid van hierdie vreugde-oes lê in wat God doen en dit is ons troos en blydschap!

Lofsang met die oog op die erediens

Lied 159: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens

Intreelied: Ps 42-3: 1, 2; Votum; Seën; Lofpsalm: Ps 126-1: 1, 2 (tweede melodie); Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Verootmoedigingsdiens

Die Wet: Eksodus 20; Sing: Ps 119-2: 14, 19

Woorddiens

Gebed; Skriflesing Psalm 126; Woordverkondiging

Antwoorddiens

Gebed; Liefdegawe; Gebed vir BNB; Sing Ps 126-1: 3 (tweede melodie); Wegsturseën; Amen Sb 13-2.

GROEPBEDIENING

Kleingroepe moet asseblief weer van die geleentheid gebruik maak om op COVID-19-veilige-wyse bymekaar te kom.

Daar kom ook kleingroepe by die kerk bymekaar:

- 17:00 Groep 25 onder leiding van prof. Naas Ferreira.
- 18:00 Groep 35 en die jong Volwassenes saam met Erasmus Venter.

MEELEWING

- Ds Piet (Groep 25 - 082 779 1237) se moeder word na verwagting in die loop van die week uit die hospitaal ontslaan. Hulle wag nog vir die uitslag van haar tweede COVID-19 toets.
- Tannie Susan Oosthuizen (Groep 20 - 076 310 6307) is steeds in die hospitaal vir behandeling.
- Rita Kleynhans (Groep 25 - 083 327 5749) gaan DV Woensdag en Vrydag onderskeidelik vir 'n oogoperasie.
- Orrie Oosthuizen (Groep 25 - 082 466 2745) se suster is skielik hierdie week in haar huis oorlede. Ons bid hulle familie die troos van die Here toe.
- Oom Isak van der Walt (Groep 20 - 082 703 1874) het 'n broer aan die dood afgestaan.
- Estette Bredenkamp (Groep 11 - 082 865 4381) ondergaan hierdie week neurologiese ondersoek en behandeling in Pretoria.

Ons bid dat die Here beterskap, herstel, bemoediging en troos sal gee.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKELE MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Bert Floor, Isak vd Walt, Magdaleen Venter, Lana Labuschagne, Annette Coetsee en Joe Coetzee.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke kontak u ouderling of Adele (018 290 7690 / 082 532 8658) om die nodige reëlins te tref.

KATKISASIE LESPROGRAM

Hierdie naweek moet ouers en kinders asb. **Les 18** doen, vir volgende naweek doen ons Les 19.



PROGRAM VAN DIE WEEK

Vandag op Facebook en YouTube
09:30 Oggenddiens in die kerk vir groep 2, 3 en 4. Die diens word intyds uitgesaai sodat die res van die gemeente kan inskakel.

Groepbediening

REËLINGS VIR EREDIENSBYWONING DEUR LIDMATE: BESPREEK ASB SELF JOU PLEK!

Na ons proeflopie die afgelope week, het ons besluit om die bywoning van die beperkte eredienste anders te benader. Ons gaan lidmate **per blok geleentheid gee om self hulle plek te bespreek** vir die volgende Sondag se erediens.

Vir volgende Sondag kan lidmate in Groep 1 tot 9 hulle plek by die kerkkantoor bespreek. **Hierdie bespreking moet voor Woensdagmiddag 13:00 gedoen word.** Indien daar oorloop is, sal daardie lidmate eerste geleentheid kry op die volgende Sondag.

Blok A - Groep 1 - 9

Blok B - Groep 10 - 18

Blok C - Groep 19 - 27

Blok D - Groep 28 - 35

Indien julle onseker is oor julle groepnommer, kontak die kerkkantoor.

Op **Sondag, 13 September**, sal daar ook weer 'n **inry-erediens** op die plaas gehou word, waartydens die doop aan drie baba's bedien sal word en ouderlinge bevestig sal word.

DIREKTE UITSENDING VAN DIE EREDIENSTE

Die eredienste gaan voortaan ook intyds uitgesaai word sodat die res van die gemeente aan dieselfde erediens kan deelneem. Dit beteken twee veranderinge aan die huidige stelsel waaraan lidmate nou gewoon geraak het.

1. Onthou dat 'n intydse uitsending presies om 09:30 begin en as die diens verby is, dan is die uitsending nie dadelik verder beskikbaar nie. Tans word die eredienste vooraf opgeneem en die oomblik as dit geplaas word, is dit vir altyd beskikbaar.
2. Die eredienste gaan wel opgeneem word maar gaan eers later die Sondag of selfs eers die Maandag op Facebook of YouTube beskikbaar wees.

**TER APPROBASIE VOORGEHOU VIR DIE
DIENSWERK AS OUDERING:**

Br. Fanus Kruger

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV
hierdie week verjaar!



Sondag, 30 Augustus

Br Johan vd Berg 060 425 6569

Maandag, 31 Augustus

Br Jacque du Plessis 082 879 4502
Sr Fransien vd Walt (82) 074 794 2399

Dinsdag, 1 September

Br Nico Alberts 082 444 4893
Br Theo Coetzee 083 538 3162
Br Aldru Opperman 083 280 7595
Jsr Anke v Jaarsveld

Woensdag, 2 September

Sr Lu Erasmus 082 553 6040

Vrydag, 4 September

Sr Chrisda du Plooy
Sr Ria v Eeden

Saterdag, 5 September

Sr Lallie v Zyl (77) 072 141 8316
Sr Elna Visagie 082 329 5450
Sr Roma Visser 082 788 1108

DIAKONIE: OPSOEK NA WERK

Een van ons lidmate is dringend opsoek na werk.
Sy is baie sterk in enige administratiewe werk.
Kontak haar gerus vir 'n CV: Yorinda vd Berg -
062 062 8755.

ROBIN HOOD-PROJEK

Indien lidmate die Robin Hood-projek wil
ondersteun, vra die diakonie of hulle die volgende
items by die kerkkantoor kan aflewer. Die
diakonie sal u ondersteuning baie waardeer.

Kookolie - Rys - Tee - Sout - Koekmeelblom -
Blikkies mielies - Blikkies ertjies - Blikkies
boontjies - Blikkies "Baked Beans" - Blikkies
"Pilchards" - Blikkies konfyt - Grondboontjiebotter
- Pasta - Suiker - Mieliemeel - "2 Minute

Noodles" - Kitssoep - Sopmengsels - Suikerbone
- Poeiermelk - Sanitêre produkte vir dames.

Die diakonie sal dan die produkte verpak in
mates wat vir Leon, wat by die projek betrokke is,
meer bruikbaar is. Vir enige verdere navrae kan
die gemeente vir Adele skakel. Sy sal dan die
boodskap aan die diakonie en Leon, gee.

**BEOORDELING VAN BLM IN DIE LIG VAN
DIE SKRIF - Deel 3 (slot)**

BLM slaag baie goed daarin om mense se steun
vir die beweging te werf omdat hulle op die oog
af met 'n goeie saak besig is naamlik: rassisme
teen swartmense. Omdat daar wêreldwyd 'n
sterk (en moreel goeie) sosiale bewussyn teen
rassisme ontwikkel het, wil mense graag enige
poging om rassisme uit te wis, ondersteun. BLM
buit hierdie naïwe wêreldwye sosiale bewussyn
uit om steun te werf, sonder dat mense beseft dat
hulle eintlik 'n baie gevaarlike beweging
ondersteun.

Wanneer mens dieper kyk en die beweging se
sg. "Begeleidende Beginsels" (soos verskyn het
in die Dienelkander van 2 Aug) in die lig van die
Skrif plaas, verskyn daar 'n heel ander prentjie.
Baie van BLM se begeleidende beginsels staan
direk teenoor wat God in die Skrif openbaar as
beginsels vir die menslike lewe en die
samelewing.

BLM erken en ondersteun die uitlewing en
bevordering van geslagsidentiteite wat in die
Bybel verbied word. Hulle bevorder aktief die
afbreek van gesinstrukture en waardes soos wat
God dit in sy Woord openbaar.

Hulle bevorder aktief die afbreek van
gesagstrukture in die samelewing. Die owerheid
en die bevoegdheid wat die owerheid het om ook
met swaardgesag orde te handhaaf en
kwaaddoeners te straf, word deur BLM verwerp
en aktief beveg. Video-materiaal van onlangse
gewelddadige "protesoptogte" in die VSA illustreer
baie duidelik dat leiers en ondersteuners van
BLM alle orde en strukture omver wil gooi en 'n
"nuwe orde" wil skep. Hierin toon BLM baie
duidelik kenmerke van 'n Neo-Marxistiese
beweging wat die bestaande orde deur chaos en

geweld omver wil werp om 'n nuwe orde te skep wat hulle onbybelse beginsels sal bevorder. In die naam van "rassisme" is die BLM eintlik besig om 'n gewelddadige oorlog te voer teen gesag, orde en maatskaplike strukture. Hulle beginsels druis in teen God en sy Woord en daarom kan gelowiges hulle nie met hierdie organisasie vereenselwig nie!

Ons het reeds in die vorige beoordeling daarop gewys dat alle gelowiges in die lig van die Skrif alle vorme van sosiale uitbuiting, rassisme en die misbruik van staatsgesag moet veroordeel en aktief help uit die weg ruim.

Maar met BLM kan gelowiges nie in dieselfde juk trek nie! Ons moet ook in die openbaar die waarheid oor BLM aan die lig bring en mense waarsku om nie saamgesleep te word in 'n golf van "oënskynlik goeie bedoelinge" maar in werklikheid is BLM 'n wolf in skaapsklere wat God se orde vir seksualiteit, gesinslewe en maatskaplike omver wil werp.

FIETS BENODIG

Petrus as al 56 jaar oud. Sy fiets is gesteel - Het iemand dalk 'n fiets om aan Petrus te verkoop. Ek sal hom help betaal.
Koot v d Walt (079 395 2789)

ALGEMENE INLIGTING:

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

ZAPPER (Selfoon toepassing)
Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.



KOLLEKTES VIR KERKVERBAND

Al die gemeentes in die kerkverband dra ook kollektes af vir besondere behoeftes in die kerke. Vandag se kollektes is vir **Trans-Oranje Instituut vir Buitengewone Onderwys. (Skole vir gesig- en gehoorgestremde leerders)**

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

WhatsApp: GK Potch-Oos nommer:
067 713 2332

Webblad: www.oosdoppers.co.za

Facebook: www.facebook.com/oosdoppers

Videos van elke erediens kan hier gesien word:
Facebookblad: Geref Kerk Potch-Oos Videos van preke by: <http://ow.ly/ivfZ309vscd>

Ds. Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hom indien jy dit wil ontvang.

KONTAKBESONDERHEDE:

PREDIKANT, HULPDIENS, KANTOOR EN KOSTER

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237

Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt - 082 851 3637
Erasmus Venter - 072 154 9410

Kerkkantoor: Adele - 018 290 7690 /
082 532 8658

kerkkantoor@oosdoppers.co.za

Koster: Dawie v Zyl - 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos

ABSA Bank

Tjekrek: 670 340 066

Takkode: 632-005

Diakonie

ABSA Bank

Tjekrek: 670 280 160

Takkode: 632-005

Susters

Capitec Bank

Spaarrek: 145 652 5695

Takkode: 470-010



SUSTERS IN DIE GELOOF

Intimiteit met God

Laat my gebed soos reukwerk voor U aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aandoffer.

Psalm 141:2

Sustersbydrae



Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry asook die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïen word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

Blikkies-warmharte



*Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. **Baie dankie vir julle getroue bydraes!***

Maak gerus steeds vir ons kleingeld bymekaar in enige blikkie / sakkie tot jou beskikking.

Kansa-projek



Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil steeds hierdie jaar probeer om hulle te ondersteun. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetal met verwysing "KANSA" sodat ons weet om die geld aan hulle oor te betaal.



Oosdoppertjies

Sagaria 2:8 B "Wie aan julle vat, vat aan my oogappel."

NUUS UIT DIE BYBELKOERANT

PROFEET OORLEEF DRIE DAE IN VIS SE MAAG

JOPPE. - 'n Man het gister in 'n gehawende toestand hier aangekom, nadat hy na bewering drie dae en drie nagte lank in 'n vis se maag was.

Die man wat hierdie ongelooflike ervaring gehad het, is Jona, seun van Amittai, 'n hofprofeet van Israel. Hy was op pad na Tarsis toe 'n geweldige storm die skip waarin hy gereis het, oorval het. Hy is oorboord gegooi en sou waarskynlik verdrink het, as die vis hom nie ingesluk het nie.



Die vissers wat hom op die strand gekry het, het sy storie gestaaf. Hulle sê hulle het gisteroggend 'n reusagtige vis naby die strand opgemerk, maar hy is weer weg voordat hulle naby hom kon kom. Kort daarna het hulle die man op die strand sien lê.

Die Bybelkoerant het verneem dat Jona van God af wou wegvlug toe die storm op see hom oorval het. Jona wou egter nie enige kommentaar lewer oor die berigte nie.

Lees hierdie ongelooflike verhaal in Jona 1 en 2.

HET JY GEWEET? PRETFEITE OOR TROETELDIERE:

Visse

- ★ Goudvisse het tande en dit is in hul keel geleë.
- ★ Baie visse kan hul kos proe sonder om hul mond oop te maak.
- ★ Visse kan versmoor en sterf as hulle hul kos probeer kou, omdat die kou van kos inmeng met die beweeg van die water oor hul kieuwe.

